

Graan SA Oggend Markkommentaar

GRAIN SA OFGAAN SA	DATUM 2018/05/23		DATUM 2018/05/22		+ - LAST WEEK 2018/05/07		BY DIE GELD PUT OPSIE			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ	Data	JULIE '18 TERMYNPRYS	WM	YM	
DJIA-index	24834	-178.88	-0.7%	25013	3.8%	23930	PUT TREFFPRYS	R 2 133.00	R 2 233.00	
Goud (Spot)	1292.8	4.20	0.3%	1288.6	-1.2%	1309.02	PUT PREMIE	R 66.98	R 65.26	
Brent \$/vat	79.31	-0.08	-0.1%	79.39	8.2%	73.33				
1 € / US\$	1.1762	-0.01	-0.5%	1.1816	-1.7%	1.1971	MINIMUM SAFEX PRYS	R 2 073.02	R 2 174.74	
1 US\$ / ZAR	12.61	0.090	0.7%	12.52	0.2%	12.58				
Corn	R 2 008.55	14	0.7%	R 1 994.22						
Wheat	R 2 415.85	53	2.2%	R 2 362.72						
Soybeans	R 4 774.24	57	1.2%	R 4 717.16						
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR. 3			
Corn Jul 18	404.60	0.00	0.0%	404.60			MIELIE UITVOERE			
Wheat Jul 18	521.40	7.80	1.5%	513.60			WEEK TOTAAL			
Soybeans Jul 18	1030.40	5.00	0.5%	1025.40			JTD TOTAAL			
PLAASLIKE MARKINLIGTING							UITVOERBAAR			
SORGHUM May '18							JTD AS % VAN UITVOERBAAR			
WMAZ May 18							TEMPO/WEEK BENODIG			
WMAZ Jul 18							MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Sep 18							WEEK TOTAAL			
YMAZ May 18							JTD TOTAAL			
YMAZ Jul 18							NOK SKATTING + REGSTELLINGS			
YMAZ Sep 18							% GELEWER VAN OES			
SOY May 18							TEMPO /WEEK BENODIG			
SOY Jul 18							KORING INVOERE			
SUN May 18							2017/18			
SUN Jul 18							2016/17			
WHEAT May 18							5 Jr. GEM			
WHEAT Jul 18							WEEK TOTAAL			
WHEAT Sep 18							JTD TOTAAL			
							TOTAAL BENODIG			
							JTD AS % VAN BENODIG			
							64%			
							52%			
							60%			

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R12.61/\$ en het verswak vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag 12:00 met marksluiting verhandel het. Die rand verhandel die afgelope maand weer grootliks met dieselfde onvoorspelbaarheid en volatilititeit as wat die grootste gedeelte van die afgelope twee jaar gesien was. Dit maak die besluitneming van bemarking moeilik en hou ook verskeie risiko's in, o.a. die moontlikheid van hoër inflasiekoerse. Die meeste beweging van die plaaslike geldeenheid kan grootliks toegeskryf word aan internasionale faktore, aangesien die rand tans baie sensitief is teenoor hierdie faktore. Faktore soos die laer opbrengs op die Amerikaans staatsseffekte het die dollar laat verswak, die verminderde spanning tussen die VSA en China as gevolg van handelsooreenkomste het alles steun aan die geldeenhede van die ontluikende markte gebied. Statistiek SA sal later vandag die plaaslike inflasiekoerse vir April bekend maak en dit sal die eerste syfers wees na die hoër BTW koerse. Die SARB maak more hul rentekoerse beslissing bekend en die inflasiekoerse sal 'n belangrik rol speel in die SARB se besluit.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel hoofsaaklik as gevolg van 'n oorspoel effek vanaf ander markte waaronder die koringmark 'n beduidende rol gespeel het. Die Amerikaanse aanplantings vir die 2018 seisoen het aanvanklik baie stadig begin en dit was aansienlik later as die normaal gewees, maar die aanplantings het die afgelope twee weke baie goeie vordering getoon die jaar tot datum aanplantings wat tans op 81% voltooi gerapporteer word is gelykstaande aan die 5 jaar gemiddelde aanplantings tempo teen hierdie tyd van die seisoen. Verlede jaar teen dieselfde tyd van die seisoen was die aanplantings op 82% voltooi. Die hoeveelheid van die aanplantings wat reeds ontkiem het is ook meer as die 5 jaar gemiddeld teen hierdie tyd van die seisoen. In Argentinië is die graan produksie vir die seisoen hoofsaaklik onder druk gewees as gevolg van die droë toestande wat die grootste gedeelte van die produksie seisoen geheers het, maar die verwagting is dat daar in die volgende seisoen ongeveer 11% meer mielies aangeplant kan word wat die Argentynse produksie in die volgende seisoen moontlik na 'n nuwe rekord kan neem indien daar normale produksietoestande heers. In die Oekraïne is die verwagting dat die mielie uitvoere vir die 2018/19 seisoen goed behoort te vaar en daar is positiewe tekenings daaroor. Die Oekraïne is onder ander een van die oorspronge waarmee SA kompeteer vir uitvoere na lande soos Spanje, wat onlangs van ons plaaslike witmielies ingevoer het. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister skerp onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande van beide wit en geelmelies wat tans gelys is. Die pariteite was gister vir die dag ook negatief gewees en het druk op die plaaslike pryse geplaas. In gister se weeklikse SAGIS in en uitvoerverslag was daar nie groot uitvoere vir die week gerapporteer nie met die WM uitvoere wat op 8 221 ton vir die week gerapporteer was alles na ons buurlande toe, terwyl die YM uitvoere vir die week op 2 198 ton gerapporteer was wat ook hoofsaaklik na ons buurlande toe uitgevoer was. Die totale uitvoere na week 3 van die 2018/19 bemarkingseisoen is 91 879 ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister die vorige dag se sterk lopies in die mark voortgesit en het die dag weer hoër afgesluit in gister se verhandelings sessie. Die Amerikaanse mark het hoofsaaklik steun gevind met die optimisme dat die handelsooreenkomste tussen die VSA en Sjina gunstig sal uitdraal en dit die handel tussen hierdie twee lande van sojabone weer sal aanmoedig. Die mark het ook ondersteuning gevind as gevolg van die staking van vervoerders in Brasilië oor die hoë brandstofpryse wat die uitvoerverskings vanaf Brasilië vertraag. In die VSA het die sojaboon aanplantings ook goed gevorder verlede week en word die aanplantings vir die seisoen tot dusver op 56% voltooi gerapporteer wat aansienlik beter is as die 5 jaar gemiddelde tempo van 44% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen en die 50% voltooi van verlede seisoen. Die hoeveelheid sojabone wat reeds ontkiem het word op 26% gerapporteer wat aansienlik meer is as verlede seisoen se 17% en die 5 jaar gemiddeld van 15% teen hierdie tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister skerp onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in al die kontrakmaande wat tans gelys is. Die stroop proses van sojabone is in meeste gedeeltes van die land reeds voltooi of naby aan voltooi en oor die algemeen klink dit of die opbrengste redelik goed gedoen het. Die groot plaaslike sojaboon vooraadvlakke sal 'n belangrike punt wees om dop te hou tesame met die tempo van verwerking. Die nuutste maandelikse SAGIS inligting word Vrydag bekend gemaak en dit sal 'n goeie aanduiding van hierdie twee faktore gee.

Koring: Die Amerikaanse koringmarkte het gister goeie ondersteuning gevind met heelwat aankopers wat in die mark gesien was vir die dag met die bekommernisse van ongunstige droë weerstoestande in die Amerikaanse pleine. Al drie die Amerikaanse koringmarkte wat beide die winterkoringmarkte sowel as die lentekoring mark insluit het sterker verhandel vir die dag. In die VSA is die hoof fokus tans op die aanplantings van die lentekoring asook die produksietoestande van die winterkoring. In die nuutste USDA weeklikse produksievorderingsverslag word die lentekoring aanplantings op 79% voltooi gerapporteer wat slegs 1% stadiger is as die 5 jaar gemiddelde tempo van 80% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die winterkoring se produksietoestande is onveranderd gelaat vanaf verlede week en word teen 36% goed tot uitstekend geskat. In die Europese Unie is die verwagting dat die koring opbrengste vir die seisoen effens laer behoort te wees as verlede seisoen se opbrengste en dit is laer aangepas. Sjina het amper 4 000 ton van hul Staats reserve koring verkoop op 'n veiling wat ongeveer 0.2% van die totaal is wat te koop op die veiling aangebied was. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. In gister se weeklikse SAGIS in en uitvoerverslag is die koring invoere vir die week op 66 614 ton gerapporteer en die totale invoere vir die seisoen tot datum is 1.236 miljoen ton wat ongeveer 64% van die totale invoer behoeftes vir die seisoen weerspieël.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

